## Die Essensie van Neo-Spektrum:

*Hier ontmoet ons 'n God wat* LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
*Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor*
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
*Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM*
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM 8 Mei 2014 — Kolping
## Volgende Sondag Doop & Ete

**ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA
Naam en Van

______________________________________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

ADRES

*Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg* — tweede straat regs is:
**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**ABSA: Neo-Spektrum**<br>Takkode: **632005**<br>Rekening: **4083481065** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 27 April 2014
## DOOD EN OPSTANDING
### — SING YOUR SONG OF LIFE —

## STILTE IN DIE KAPEL

~ The Lord is my Shepard — John Rutter ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Die Skepper God wat gesê het*
***'Laat daar lig wees en daar was lig'***
*– is met jou.*
*Sy lig skyn in jou*
*en die duisternis kan dit nie verdryf nie.*

*Die Een wat gesê het*
***'Ek is die lig vir die wêreld'***
*– is in jou.*
*Sy lig skyn oor jou*
*en niemand kan dit van jou wegvat nie.*

*Die Gees van die Lig wat gesê het*
***'Julle is die lig in die wêreld'***
*– is by jou.*
*Sy lig skyn deur jou*
*dit versterk jou vertroue*
*en bring hoop waar geen hoop meer is nie.*

**- STILTETYD -**

## — Lees: Psalm 23 —

Die Here is my herder;
niks sal my ontbreek nie [I shall not want/need]
Hy laat my neerlê in groen weivelde;
na waters waar rus is, lei Hy my heen [hy lei my langs rustige waters]
Hy verkwik [restore] my siel [nafshi];
Hy lei my in die spore van geregtigheid,
om sy Naam ontwil.
Al gaan ek ook deur die vallei van doodskaduwee,
ek sal geen onheil vrees nie want U is met my:
u stok en u staf dié vertroos my.
U berei die tafel voor my
in die teenwoordigheid [aangesig] van my teëstanders;
U salf [anointed] my hoof met olie; my beker loop oor.
Net [verseker] goedheid en guns [lovingkindness]
sal my volg al die dae van my lewe;
en ek sal in die huis van die Here bly [abide] tot in lengte van dae.

"What makes you feel more alive? What seeds of faith can you sow today that will contribute to life, make things better, express your uniqueness as an individual?" (Candy Paull in 'The Heart of Abundance')

========================================================

***CHOOSE LIFE*** — dit vra moed en 'n dapper hart om in tye van uitdagings en teleurstellings die intellektuele, emosionele, spirituele **keuse** te maak vir Lewe. Om nie op te gee nie en om in ons gebed en meditasie onsself te fokus op die wonder van wat dit beteken om te lewe ... in die oorvloed daarvan. Soms voel ons lewe so kleinlik en leeg – of dit is as gevolg van ander se verwagtinge of ons eie vrese – *we often settle for a limited life!*

***EMBRACE LIFE*** — in oomblikke van seer en onsekerheid; in die ure van verwarring en vertwyfeling onthou ons dat tye van spanning en bekommernis is nie die *einde* nie maar die geleentheid vir **transformasie**. Kies Lewe ten midde van tribulasie. Ons voel die ewigdurende energie van ondersteuning wat vloei uit die Lewe-Gewende-Fontein – selfs waar dit oorloop in trane, omarm ons die kapasiteit om weer en weer, keer op keer op te staan uit ons 'dood' en onsself *align* met die Lewe wat altyd geboorte gee aan herlewing.

***LIVING LIFE ALIVE*** — soms is ons op in 'n lewensbaan wat gemaklik en voorspelbaar maar selde vervullend tot die **potensiaal** van iets méér en groter as net asemhaal. Wanneer ons gekonfronteer word met ons eie sterflikheid en in die dae en nagte wat ons stap deur die *vallei van doodskaduwee* is dit gewoonlik 'n *wake-up call* om te besef solank ons op hierdie Aarde leef, het ons die krag om te groei en die mag om te kan verander. ***Just do it ...***



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ OGNUNO SOFFRE — JONATHAN & CHARLOTTE ~

---

## BROOD & WYN EN SEËNBEDE

### 'N PSALM VIR VANDAG

*Die Lewe versorg my soos 'n herder.*
*Hy gee genoeg vir almal.*
*Die Lewe het groen graslande waar ek kan rus*
*en waters wat my dors les.*
*Die Lewe lei my om in oorvloed te leef.*
*Ek kyk om my, en weet wat LEWE is.*
*Ek verwonder my daaroor.*
*Selfs al moet ek swaarkry of sterf, sal ek nie bang wees nie,*
*want die dood en lyding is nie die einde van LEWE nie.*
*Die Lewe stop nooit. Daarom is ek altyd veilig.*
*My lewe op aarde is 'n fees,*
*waar selfs hulle wat nie van my hou nie,*
*saam met my kan aansit.*
*Ek deel my LEWE met almal.*
*My beker loop van vreugde oor.*
*Ek weet ook in my lewe, sal dié Lewe vir my sorg.*
*Daarom is ek is tuis in die heelal, nou en vir altyd.*

---

## IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ I GENITORI — YANNI ~

*"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken my."*
*(Johannes 10:14)*